- Ek lewe in voorspoed en is gesond (3 Joh 1:2).
- Ek is die kop en nie die stert nie (Deut 28:13).
- My lewe is in die Here se hande, soos klei in die pottebakker se hande (Jer 18:6).
- Ek is kragtig in die Here en in die krag van Sy sterkte (Eff 6:10).
- God het planne vir my van voorspoed en vrede vir die toekoms (Jer 29:11).
- Ek is in die skuilplek van die Allerhoogste God en ek vernag in Sy skaduwee (Ps 91:1).
- Die Here is my toevlug en bergvesting en ek vertrou op Hom (Ps 91:2)
- Die Here dek my met Sy vlerke en onder Sy vleuels skuil ek (Ps 91:4).
- Duisend mag val aan my sy en tienduisend aan my regterhand en dit sal na my toe nie aankom nie (Ps 91:7).
- Geen onheil sal my tref en geen plaag sal naby my tente kom nie (Ps 91:10).

- God gee Sy engele bevel om my te beskerm op al my weë (Ps 91:11).
- Die Here gee my lengte van dae (Ps 91:16).
- Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here verkondig (Ps 118:17).
- Ek soek die Here en Hy hoor my, en Hy verlos my van al my vrees (Ps 34:4).
- Ek het nie ‘n gees van vrees nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing (2 Tim 1:7).
- Ek is nie bang of ontsteld nie, want ek besit die vrede van God (Joh 14:27).
- Die Here voorsien in elke behoefte van my (Fill 4:19).
- Ek verlustig my in die Here en ontvang die begeertes van my hart (Ps 37:4).
- God gee my die wens van my hart en die begeertes van my lippe en Hy kom my tegemoet met seëninge van die goeie (Ps 21:2-3).
- Die seëninge van God oorspoel my elke dag (Deut 28:2).

- Orals waar ek gaan is ek geseënd (Deut 28:6).
- God verslaan elke vyand wat teen my opstaan (Deut 28:7).
- Die Here seën alles wat ek aanpak en die uitkoms is suksesvol (Deut 28:8).
- Die Here seën my kinders en kleinkinders, die vrug van my liggaam (Deut 28:4).
- Daar is ‘n aanteling, vermeerdering, vergroting in alle areas van my lewe (Deut 28:4).
- Die Here gee die goeie aan my en my nageslag oorvloedig (Deut 28:11).
- Die skatkamers van God is oor my oop, ek lewe in sy seëninge en alles wat ek aanpak is geseënd (Deut 28:12).
- Ek sal altyd oorvloed hê om aan ander te gee (Deut 28:12).
- My vooruitgang in alle areas van my lewe is vir ander duidelik (Deut 28:10).
- Die Here gee my die vermoë om rykdom te verwerf omdat ek in ‘n verbond met Hom is (Deut 8:18).

- Die Here is my Herder en ek het geen gebrek aan enigiets nie (Ps 23:1).
- Die Here is my hulp en toevlug in tye van benoudheid (Ps 37:39).
- Die Here is my Redder en Verlosser, want ek skuil by Hom (Ps 37:40).
- As ek val, stort ek nie neer nie, want die Here ondersteun my (Ps 37:24).
- Ek staan nie beskaamd in moeilike tye nie en in tye van hongersnood voorsien God vir my (Ps 37:19).
- Ek triomfeer in alle omstandighede deur Christus Jesus (2 Kor 2:14).
- Ek is uit God gebore, die Heilige Gees is in my – daarom oorwin ek altyd (1 Joh 4:4).
- Omdat God my liefhet, is ek in alle omstandighede meer as 'n oorwinnaar (Rom 8:37).
- Ek weet God is vir my, daarom kan niks en niemand teen my wees nie (Rom 8:31).

- God het Sy Seun, Jesus, aan my gegee en saam met Jesus ontvang ek alles – gesondheid, oorvloed, voorspoed, vrede, oorwinning.  Ek ontvang dit deur genade en nie verdienste (Rom 8:32).
- God het my lief – Hy het my gewas in Sy bloed en my 'n koning en priester gemaak (Openb 1:5-6).
- Ek ken die Here in alles, daarom is my paaie gelyk (Spr 3:6).
- Die Here stry vir my teen elke vyand en gee my altyd oorwinning (Deut 20:4).
- Goedheid en Guns volg my al die dae van my lewe (Ps 23:6).
- Ek is gesalf met vars olie, die olie ontbreek nie van my hoof nie (Ps 92:11).
- Ek het 'n geoefende tong (Jes 50:4).
- Ek het 'n Woord in seisoen (Jes 50:4).
- My lippe is aangeraak met 'n vuurkool van die Hemel (Jes 6:6-7).
- Die Gees van die Here is in my en op my tot in ewigheid (Joh 14:17).

- Ek het die volheid van die Godheid in my en dit is my hoop van heerlikheid (Kol 2:9-10).
- Ek is nie vervloek nie, maar geseënd, omdat Christus my losgekoop het van die vloek deur in my plek ‘n vloek te word (Gal 3:13).
- Ek wandel deur die Gees en volbring nie die begeertes van die vlees nie (Gal 5:16).
- Ek het die vlees met sy hartstogte en begeertes gekruisig (Gal 5:24).
- Omdat God se Gees in my woon manifisteer liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing deur my lewe (Gal 5:22).
- Al my ongeregtighede is vergewe – ek is van al my krankhede genees en geen verderf (destruction) kom naby my nie (Ps 103:3).
- My jeug word daagliks nuut gemaak en ek word versadig met die goeie (Ps 103:5).
- My hoof is vet van die olie en my beker loop oor (Ps 23:5).

- Ek vrees geen onheil nie, want U is met my (Ps 23:4).
- Riviere sal my nie oorstroom nie, vuur sal my nie skroei nie, vlamme sal my nie brand nie, want U is by my (Jes 43:2).
- Die Here gee my krag – Hy vermenigvuldig my sterkte – ek hardloop en word nie moeg nie – ek wandel en word nie mat nie, want ek wag op die Here (Jes 40:29-31).
- Ek is nie bevrees nie, ek kyk nie angstig rond nie, want God is met my. Hy versterk my, help my, red my en ondersteun my (Jes 41:10).
- God dink nie meer aan my sondes nie en al my oortredinge is uitgedelg (Jes 43:25).
- Ek het 'n geoefende tong, ek weet om die vermoeide te verkwik met woorde, my ore is oop om te hoor wat God sê (Jes 50:4).
- My tent is wyd oop, ek breek links en regs uit en my nageslag is geseënd (Jes 54:2-3).
- Ek is nie bevrees nie, ek sal nie beskaamd staan nie, geen skande kom oor my nie en ek sal nie bloos nie (Jes 54:4).

- God se goedertierenheid sal van my nie wyk nie, Sy vredesverbond met my sal nie wankel nie (Jes 54:10).
- Die vrede van my kinders en kleinkinders sal groot wees (Jes 54:13).
- Ek is vêr van verdrukking en verskrikking en dit sal nie naby my kom nie (Jes 54:14).
- Wie my aanval sal oor my val (Jes 54:15).
- Elke wapen wat teen my gesmee word sal niks uitrig nie, elke tong wat teen my opstaan in die gereg sal ek weerlê want dit is my erfdeel (Jes 54:17).
- God se Woord is in my mond en as ek dit spreek sal dit nooit leeg terugkeer nie (Jes 55:11).
- God se Woord is naby my – in my mond en in my hart – dit is die Woord van geloof (Rom 10:8).
- Duisternis sal die Aarde oordek, maar oor my sal die Here opgaan en sy heerlikheid sal oor my gesien word (Jes 60:2).
- Ek is beklee met klere van heil - ek is in die mantel van geregtigheid gewikkel (Jes 61:10).

- Ek is die geregtigheid van God, want Jesus het my sonde op Hom geneem (2 Kor 5:21).
- Ek is versoen met God deur Jesus Christus en my misdade word nie toegereken nie (2 Kor 5:18-19).
- Ek is ‘n nuwe skepsel, die ou dinge het verbygegaan en alles is nuut in my lewe (2 Kor 5:17).
- My roeping is om die boodskap van versoening te verkondig (2 Kor 5:18).
- Omdat ek die Heilige Gees besit, vloei God se liefde deur my (Rom 5:5).
- My ou mens is saam met Jesus Christus gekruisig, daarom dien ek nie meer die sonde nie, en sonde het geen mag oor my meer nie (Rom 6:6 en 11).
- My ledemate is tot beskikking aan God as ‘n werktuig van geregtigheid en nie as ‘n werktuig van ongeregtigheid nie (Rom 6:13).
- Daar is geen veroordeling oor my nie, want ek is in Jesus Christus (Rom 8:11).

- Omdat Christus in my is, is my liggaam dood vir sonde en my gees lewend vir geregtigheid (Rom 8:10).
- Ek het nie ‘n gees van vrees nie, maar die Gees van God omdat ek ‘n kind van God is en ek roep Abba Vader (Rom 8:15).
- Omdat ek ‘n kind van God is, is ek ‘n erfgenaam van God en ‘n mede-erfgenaam van Jesus Christus (Rom 8:17).
- Die Heilige Gees kom my tot hulp elke dag in my swakhede (Rom 8:26).
- Alles werk ten goede vir my, omdat God my liefhet (Rom 8:28).
- God is aan my kant, daarom kan niks en niemand teen my wees nie (Rom 8:32).
- Jesus skenk my alles genadiglik deur Sy Seun Jesus Christus (Rom 8:32).
- Niks kan my skei van God se liefde vir my nie (Rom 8:35).
- Die Gees van die Here is in my en op my. Hy het my gesalf om die blye boodskap te bring.  Hy het my gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis (Jes 61:2).

- Ek is dood vir sonde en my gees is lewend tot geregtigheid (Rom 8:10).
- Die meetsnoere het vir my op lieflike plekke geval en my erfenis is mooi (Ps 16:6).
- Ek is geseënd en omring met God se guns (favour) (Ps 5:12).
- Ek is ‘n gunsgenoot van God en ek vertrou op Hom en Hy verlos my van alles (Ps 86:2).
- Ek wandel in die wysheid van God (Jak 1:5).
- Ek is geseënd en die goedheid van God omring my (Ps 32:10).